



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2013

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Kyk- en leesbegrip (VRAAG 1 en 2) (30)
AFDELING B: Opsomming (VRAAG 3) (10)

AFDELING C: Taal (VRAAG 4, 5 en 6) (40)
2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

Lees die volgende koerantartikel en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

TOTSIENS ANNA, JY WAS 'n DAME

1. Die tyd het gekom om totsiens te sê aan 'n geliefde lid van ons huishouding. Ons liewe hond Anna, moet binnekort uitgesit word.
2. Dit kom nou al 'n paar maande. Dit het gelyk asof sy 'n abses in haar mond ontwikkel en ons is uiteindelik met haar veearts toe. Die veearts het gesê dat die ding eintlik kanker is wat teen 'n lelike spoed groei. Hy het ons verwys na 'n spesialis wat ons toe 'n paar opsies gegee het. Die eerste, afhange van hoe ver die kanker versprei het, was om die vergroei en die tande daarom uit te sny. Die tweede was om die hele linkerkant van haar kakebeen te verwyder (om mee te begin). Die derde was om dit eenvoudig te los en haar dan van haar lyding te verlig wanneer dit te erg word.
3. Ons het besluit op die derde opsie omdat ons net nie kon sien hoe hierdie agt-jarige ou hond dit sou maak deur eers één operasie nie. So hier staan ons nou, naby aan totsiens sê en ek troos myself, dat al gaan ek haar vreeslik baie mis, het sy die beste lewe moontlik by ons gehad.
4. Anna het so agt jaar gelede by ons opgedaag. Ons het uitgeloop om die chaos in die tuin uit te sorteer (dit was maar 'n rowwe nag) en het die verteerde dingetjie in die tuin gekry waar sy verlore en halfgevrete boerewors-rolle uitgesnuffel het. Sy was nie eens bang vir ons nie, het eintlik vreeslik bly gelyk om net iemand te sien en het maklik van die melk en water gedrink wat ons haar gegee het.

5. Ons kon nie uitmaak waar sy vandaan gekom het nie. Sy het steke op haar maag gehad wat dit laat lyk het asof sy pas reggemaak is en sy was definitief nie 'n "pavement special" nie. Sy blyk so 'n kruis te wees tussen 'n mastiff en 'n boerboel, vreeslik vriendelik en met 'n persoonlikheid wat vir niks skrik nie. Ons het aan die begin agtergekom dat sy selfs die gewoonte gehad het om haar besigheid buite die erf te gaan doen, of as jy met haar stap sal sy agter 'n bossie gaan wegkruip om dit te doen. 'n Regte dame.
6. So met die tyd het Anna my en Kobus se hond geword en sy het al hoe meer lyf begin kry, meestal te doen met die feit dat Kobus maar 'n klein hartjie het wanneer dit by diere kom en hy het haar baie "snacks" gevoer. Toe Kobus by die huis begin werk het, het sy darem meer oefening begin kry, want hy sou die gewoonte ontwikkel om twee keer 'n dag met haar te gaan stap net na hy haar gevoer het.
7. Soos wat die ander inwoners gekom en gegaan het, het Anna maatjies bygekry en verloor totdat sy vir 'n paar maande lank die enigste hond op die erf was. Sy het verskriklik depressief begin raak, wou omtrent niks meer doen nie en was glad nie haarself nie.
8. Ek dink wat ek die meeste van Anna sal mis, is die vriendelike manier wat sy jou met haar poot sal krap wanneer sy aandag wil hê. Of die manier wat sy soos 'n seekoei sal snork wanneer sy eers gemaklik lê en baie gelukkig is. Ek gaan mis hoe sy soos 'n ballerina trippel wanneer sy sien ons gaan nou stap en sy so opgewonde raak sy doen sommer sulke bokspringe. Ek gaan mis hoe sy soos 'n Putco bus al skeefboud voor 'n mens in die veld uithardloop.
9. Mooi loop Annatjie, jy was 'n hond duisend.

[Verwerk uit *Rapport* (Alwill Wescott/blog), 12 Oktober 2012]

VRAE:

- 1.1 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

Die woord ... (sin 1) sê dat die hond net soos die ander mense in die gesin behandel word.

- A huishouding
- B lid
- C geliefde
- D totsiens

(1)

- 1.2 Die gebruik van die woord "uitgesit" in plaas van "doodgemaak" (sin 2) is 'n voorbeeld van (paradoks/eufemisme).

(1)

- 1.3 Die eienaars het skielik beseft dat iets verkeerd met die hond was (par. 2).
- 1.3.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur 'n sin uit paragraaf 2 aan te haal. (1)
- 1.4 Verander die woord "lelike" (par. 2) met 'n ander woord sodat die sin dieselfde betekenis sal hê. (1)
- 1.5 Wat wil die skrywer eintlik sê deur die woorde tussen hakies te gebruik (par. 2)? (1)
- 1.6 Die eienaars het die derde opsie gekies. Hoe kon hulle die hond van haar lyding verlig as haar siekte te erg word? (1)
- 1.7 Hoe troos die skryfster haar (par. 3)? (1)
- 1.8 Wat bedoel die skryfster met die woorde tussen hakies (par. 4)? (1)
- 1.9 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.
- Die woord "verteerde" (par. 4) wys dat die hond ...
- A kleren van die waslyn geskeur het.
B baie moeg was.
C iets gevreet het.
D baie kwaai was. (1)
- 1.10 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.
- Die gebruik van die woord "dingetjie" in plaas van "hondjie" (par. 4) skep 'n gevoel van ...
- A haat.
B blydschap.
C hongerte.
D jammerte. (1)
- 1.11 Wat bedoel die skryfster met "*pavement special*" (par. 5)? (1)
- 1.12 Gee EEN rede hoekom die eienaars Anna "n regte dame" noem. (1)
- 1.13 Gee TWEE redes hoekom Anna "meer lyf begin kry" het (par. 6). (2)
- 1.14 Wat het daartoe gelei dat Anna maatjies gemaak en verloor het (par. 7)? (1)
- 1.15 Noem EEN teken wat wys dat Anna depressief begin raak het (par. 7). (1)
- 1.16 Watter snaakse ding het Anna gedoen as sy bly voel? (1)

- 1.17 Waarmee word Anna se spoed vergelyk? (1)
- 1.18 Dink jy dat dit 'n goeie idee is om diere wat baie siek is se lewe tot 'n einde te bring deur hulle in te spuit?
- 1.18.1 Skryf net JA of NEE as jou antwoord neer.
- 1.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.18.1. (1)
- [20]

VRAAG 2: ROLPRENT-RESENSIE

Lees die volgende resensie en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

JUNO

**** Komedie/drama. Met Ellen Page, Michael Cera, Jennifer Garner en J.K. Simmons. Regie: Jason Reitman. 2007. 92 min. OB 13.

1. Die bekkige Juno (Ellen Page) is sestien en nog op hoërskool toe sy swanger word deur Paulie (Michael Cera), wat so half en half haar kêrel is. Sy besluit om die baba te laat aanneem en sy dink sy het die perfekte ouers opgespoor toe sy op die advertensie in *Penny Saver*, 'n plaaslike advertensieblad, afkom.
2. Die welgestelde paar Vanessa en Mark (Jennifer Garner en Jason Bateman) wat die advertensie geplaas het, probeer al lank vergeefs dat Jennifer swanger raak. Maar Juno kom gou agter dat hulle lewe nie so sprokiesagtig is soos wat dit lyk nie.
3. Dié Oscar-bekroonde prent is 'n ware drama oor 'n dilemma wat met humor en sensitiwiteit vertel word. As jy van onkonvensionele stories deurspek met komedie hou, is dié fliék vir jou. Dis 'n wonderlike spel met 'n skitterende rolverdeling en dit bied heerlike kykstof.

Bonusmateriaal: Onder meer oudio-kommentaar deur die regisseur en skrywer Diablo Cody, blapse en 'n kortfliék.

RUTH MWAKANANDI

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 21 Augustus 2008]

VRAE:

- 2.1 Watter soort rolprent is Juno? (1)
- 2.2 Hoe oud moet jy wees as jy hierdie flied alleen wil gaan sien? (1)
- 2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die woord “bekkige” (par. 1) beteken om ...
- A sjarmant te wees.
B vervelig te wees.
C parmantig te wees.
D doodmoeg te wees. (1)
- 2.4 Juno en Paulie is halsoorkop verlief op mekaar.
- 2.4.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 2.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.4.1 deur DRIE agtereenvolgende woorde (par. 1) aan te haal. (1)
- 2.5 Wat gebeur met Juno in die rolprent wat ook ’n probleem by ons hoërskole is? (1)
- 2.6 Waar het Juno die nuwe aanneemouers gevind? (1)
- 2.7 Juno het eers gedink dat sy die regte ouers vir haar kind gevind het. Wat het haar laat besef dat sy verkeerd was? (1)
- 2.8 Haal EEN woord aan wat wys dat hierdie rolprent ’n toekenning gekry het (par. 3). (1)
- 2.9 Wie sal van hierdie flied hou? (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 3: ELEKTRISITEIT (Die skokkende waarheid)**

- Som die **veiligheidsmaatreëls** in verband met elektrisiteit in SEWE sinne op.
- Skryf die veiligheidsmaatreëls in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **KORREKTE GETAL** woorde aan die einde van die opsomming aan.

ELEKTRISITEIT
Die skokkende waarheid

1. Het jy geweet dat elektriese krag die wêreld aan die draai hou? Die voordele daarvan is te veel om op te noem – kyk maar hoe verlore is ons tydens 'n kragonderbreking. En het jy geweet dat die badkamer die gevaarlikste plek in die huis is om 'n elektriese skok te kry? Die gevare van elektrisiteit in en om die huis moet onder geen omstandighede onderskat word nie. Hier is 'n paar veiligheidsmaatreëls in verband met elektrisiteit.
2. Wat doen 'n mens as daar 'n elektriese-fout in jou huis is? Jy moet doodseker maak dat jy weet waar die hoofskakelaar van jou huis is sodat jy dit kan afskakel indien daar probleme is.
3. Alle nat vloere is baie gevaarlik as daar met elektrisiteit gewerk word, daarom moet 'n mens nooit aan 'n elektriese toestel raak as jou hande, voete of jou hele lyf nat is nie.
4. Jy moet ook nie klere by 'n elektriese verw warmer droog maak en toelaat dat water op dele drup wat "lewend" is nie. Nog belangriker is om nooit aan elektriese toerusting te raak terwyl jy in die bad is nie. Sulke toerusting kan foutief wees of dalk in die water val en 'n elektriese stroom daardeur stuur.
5. Onthou om altyd die prop uit te trek voordat jy water in 'n elektriese ketel gooi. En moenie die koord dadelik om 'n strykyster draai nadat jy klaar gestryk het nie. Gee dit kans om af te koel.
6. Moenie muursokke oorlaai deur te veel muurproppe daar in te druk nie (byvoorbeeld proppe vir die televisie, rekenaar, strykyster, verw warmer, platespeler, ens. alles by een punt nie). Die oorlaaiing van muursokke is 'n probleem wat algemeen voorkom.
7. Skakel elektriese komberse aan sowat 'n uur voordat jy in die bed klim en skakel dit af net voordat jy gaan slaap en onthou om die regte grootte kombors vir die bed te gebruik.

8. Dit klink na oorbodige raad omdat almal dit behoort te weet, maar dit kan nie ongesê gelaat word nie: Moenie jou vingers of voorwerpe (veral metaalvoorwerpe) in sokke insteek of aan elektriese apparate peuter wat nog êrens ingeprop is nie.
9. En onthou ten slotte veral hierdie baie belangrike beginsel van elektriese veiligheid: Neem aan dat alle elektriese stroombane lewend is tensy jy doodseker gemaak het dat dit nie die geval is nie.


[Verwerk uit Mieliestronk.com]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



[Verwerk uit *Volksblad*, 6 September 2012]

4.1 VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.

Vroeër het skoolboelies geweld gebruik. Deesdae gebruik hulle hul selfone. (maar)

(1)

4.2 Kies die KORREKTE voorsetsel.

Die kuberboelie hou die selfoon (in/op/by) haar hande.

(1)

4.3 Rangskik die volgende groep woorde tussen hakies in die korrekte volgorde. Skryf die hele sin voluit.

Al die skoolboelies het (voor die skoolhoof) (in die verlede) (baie onderdanig) gebuk.

(1)

4.4 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die hoof wil die stout seuntjie straf.

(1)

- 4.5 Voltooi die volgende VERGELYKING. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die antwoord neer.
- Die arme seuntjie bewe soos 'n ...
- A hond.
B muis.
C riet.
D boom. (1)
- 4.6 Skryf die volgende sin oor.
Begin soos aangedui.
- Die meisie dreig die skoolseun met 'n boodskap.
Die meisie hoef ... (1)
- 4.7 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM/PASSIEF.
- Die hoof straf die stout seuntjie. (1)
- 4.8 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE:
- Die hoof sê vir die seun: "Jy sal 'n les leer."
Begin só: Die hoof sê vir die seun dat ... (1)
- 4.9 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
- In die verlede was die hoof (streng) as vandag. (1)
- 4.10 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.
- Die ouers moet met die (lag) meisie praat. (1)
- 4.11 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
- Die hoof is bly om die nuwe wet teen kuberboelies te lees. (1)
- 4.12 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
- Selfone is deur die skole verbied. (1)
- 4.13 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM/NEGATIEF.
- Het die hoof die probleem alreeds met die ouers bespreek? (1)
- 4.14 VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.
Die hoof is smookwaad. Die skoolkinders wil nie luister nie. (aangesien)
Begin so: Aangesien die skoolkinders ... (1)
- 4.15 Hoe verskil die onderwyser se liggaamstaal met dié van die meisie s'n.
(Raampie 2) (2)

VRAAG 5: STROKIESPRENTJIE

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.

MEESTER

Danie Cronjé




- 5.1 Gee die VERKLEINWOORD vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Die onderwyser se bottel gom het verdwyn. (1)
- 5.2 Skryf die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer
Meneer is nou moeg vir die kinders se grappies. (1)
- 5.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Meneer sê: "Ek is nou moeg vir julle kriminele neigings."
Begin só: Meneer sê dat ... (2)
- 5.4 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM oor.
Die gom is deur die kinders gebruik.
Begin só: Die kinders ... (1)
- 5.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Hy staan op om die skuldige te vind. (1)
- 5.6 Vervang die woord "moet" met "behoort" in die volgende sin.
Die onderwyser moet die stout kinders dissiplineer.
Begin só: Die onderwyser behoort ... (1)
- 5.7 Gee die ANTONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Meneer se gom het verdwyn. (1)

- 5.8 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Die (frustreer) onderwyser weet nie wat om te doen nie. (1)
- 5.9 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.
Die onderwyser soek ... sy gom. (1)
- 5.10 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.
Iemand het ook Meneer se (tafel+doek) gesteel. (1)
- 5.11 Verbind die volgende drie sinne met die gegewe voegwoorde.
Iemand het die gom van die tafel gesteel.
Meneer is smookwaad.
Hy wil iets daaromtrent doen. (omdat/dus) (3)

[14]**VRAAG 6: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

(6.1) Hiers hulp vir jou Afrikaanse Skoolprojekte!!!

(6.2) Is jy op soek na Afrikaanse inligting vir projekte en take? (6.3) Afrikaanse Skoolprojekte is net (na +wat) jy soek. (6.4) Dit is (vol) inligting en het baie (6.5) (kleurvol) illustrasies met duisende sketse – net wat kinders nuuskierig maak om meer te leer. Ons produk is uniek omdat dit in MS Word formaat is en jy kan maklik veranderinge aan die dokument aanbring. (6.6) Jy kan die (kleure/klere) en lettergrootte verander asook prente vergroot as jy 'n plakkaat moet ingee. 6.7 (Kinders wat skool bywoon) het baie verpligte naskoolse aktiwiteite en huiswerk. Afrikaanse

Skoolprojekte gaan jou baie tyd spaar deur minder op die Internet na Afrikaanse inligting te soek en te vertaal. Afrikaanse Skoolprojekte is nou opgegradeer en nuwe take is bygewerk. (6.8) Daar is 'n versameling van meer as 2000 take en (6.9) daar is ook meer as 4 000 foto. Bestelling kan op die webwerf geplaas word, gaan na: www.afrikaanseskoolprojekte.co.za OF skakel jou naaste verspreiders deur die tolvrye nommer: 0800 245 4689. Die sentrale hulpentrum sal jou die naaste winkel in jou area aanwys.

[Aangepas uit *Afrikaanse Skoolprojekte*, 17 Mei 2011]

- 6.1 Hoekom is die woorde “hulp” en “Afrikaanse Skoolprojekte” vetgedruk in die opskrif? (1)
- 6.2 Skryf die vraag oor in die ONTKENNENDE VORM/NEGATIEF.
Is jy op soek na Afrikaanse inligting vir projekte of take? (1)

- 6.3 Skryf die KORREKTE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies neer.
Afrikaanse Skoolprojekte is net (na + wat) jy soek. (1)
- 6.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies. Dit is (vol) inligting. (1)
- 6.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Daar is baie (kleurvol) illustrasies. (1)
- 6.6 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord as die antwoord neer.
Jy kan die (kleure/klere) en lettergrepe verander. (1)
- 6.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
(Kinders wat skool bywoon) het baie verpligte naskoolse aktiwiteite. (1)
- 6.8 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
Daar is 'n versameling van meer as 2 000 (take). (1)
- 6.9 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Daar is ook meer as 4 000 (foto). (1)
- 6.10 Gee EEN WOORD wat sê dat hierdie produk enig in sy soort is. (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80